**PERSPEKTIEF**

## OPVOEDKUNDE AAN DIE P.U. VIR C.H.O. — 'N TOEKOMSBLIK

*Die Potchefstroomse Universiteit het eers sedert 1925 'n leerstoel in die Opvoedkunde maar beoefen al die opleiding en wetenskaplike toerusting van onderwysers sedert sy stigting in 1869. Ons vaders het saam met die behoefte aan predikante ook terdeë die groot leemte aan onderwysers en ander professionele mense aangevoel wat hulle op die Woord van God gegrondves het. Vandaar die dubbele doel met die stigting van die Teologiese Skool. Toe is daar besef dat „De Bijbel moet grondslag zijn van alle onderwijs" (Cachet, soos aangehaal in „My erfenis is vir my mooi", p. 23). Sedert 1869 is hierdie grondslag in die opleiding van onderwysers en in die studie van die Opvoedkunde as toetssteen gestel. In die gees het prof. J. Chr. Coetzee in 1925 die eerste leerstoel aanvaar. Dieselfde taal spreek uit prof. H. J. J. Bingle se inougurele rede sowel as uit die van elkeen wat gevolg het. In 1969, met ons eeufees, het hierdie fakulteit Opvoedkunde hom ook weer opnuut besin oor die reg van sy voortbestaan. Elders in hierdie uitgawe vind u die verslag van hierdie besinning as 'n antwoord aan die uitdagings van die moderne tyd. Ook in „Die atoomeeu in U lig" word daar uit 'n ander oogpunt hieroor besin.*

*Dis seker baie duidelik dat die P.U. vir C.H.O. in die loop van sy geskiedenis veral twee soorte leiers gelewer het, nl. geestelikes en onderwysers, en daarmee te staan gekom het in 'n posisie waarvan die belangrikheid die omvang van so 'n klein universiteit ver oortref. Hierdie waarheid word terdeë orals besef maar nie so vryelik erken nie. Trouens, dit mag juis een rede wees waarom daar in sommige kringe nogal sterk teen Potchefstroom en sy opvoedkundige rigting te velde getrek word. Gaan soek maar na en u sal die alumni van die fakulteit orals en in baie sleutelposisies aantref, posisies wat hulle nie verkry het omdat invloedrykes hulle daar ingewerk en ingestoot het nie, maar soms selfs ondanks afwysende en miskennende magte. Mense wat hulle onomwonde op die grondslag van Gods Woord in hulle opvoedkundige siening en praktyk stel, moet noodwendig opvoedkundige integriteit besit en kan daarom verantwoorde leiding neem.*

*Deur die afgelope halfeeu het daar van hierdie fakulteit leiding uitgegaan waardeur die stempel onontkombaar op die Suid-Afrikaanse opvoedkundige patroon afgedruk is. Dit geld die teoretiese sowel as die praktiese terreine, die metodiese sowel as die organisatoriese, die laere en middelbare, sowel as die tersiêre. Hiervoor was veral die vrugbare pen van prof. J. Chr. Coetzee verantwoordelik. Hy kon sê wat in die hart van die gelowige Afrikanervolk geleef het en hy kon gedagtes, begeertes en ideale by hulle wakker maak. Maar hy het 'n vurige en kragtige man van die daad, beplanner en deurvoerder nodig gehad. Hier het die mantel op ons huidige rektor, prof. H. J. J. Bingle geval, iemand wat hierdie mantel met die grootste eer gedra het en sy merk diep op die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel afgedruk het, veral vir die geslagte wat kom.*

*Hierdie twee stryders, vooruitgestoot maar ook ondersteun deur die gereformeerde Afrikanerdom, het die pad gebaan na die epogmakende wet nr. 39 van 1967, waarin die Christelik-nasionale beginsel so vasgelê is dat die implementering daarvan die hoë roeping van die huidige en die toekomende geslagte van Skrifgelowige ouers, opvoedkundiges en onderwysmense geword het. Die ganse wet met al sy beginsels beteken dan ook niks as daar nie die ouers is wat Christelik-nasionale onderwys verlang en dit waardeer nie of as daar nie die onderwysers is om dit te bied nie. Vir 'n eeu lank was dit ons taak om sodanige onderwysers te lewer. In alle beskeidenheid wil ons dankbaar bely dat ons die hoë roeping na die beste van ons vermoë probeer vervul het. Met ewe veel beskeidenheid wil ons in geloof ook dieselfde waarborg vir die toekoms verskaf. En nou dat die wetgewing van 1969 'n nog groter verantwoordelikheid op ons skouers geplaas het, wil ons voortgaan op die beproefde weg. So lank as wat ouers ons met hulle seuns en dogters toevertrou, wil ons hulle graag slyp en vorm tot onderwysers wat die trots van die professie en van die ouers sal wees.*

*Ons besef egter dat ons nog nooit tevore in ons staatstelsel die moontlikheid van Christelike skole gehad het nie en ook nie juis 'n ander land het by wie ons kan gaan kers opsteek nie. Ons besef terdeë in die ospig ons onkunde en gebrekkige wetenskaplike kennis. Waar ons vroeër slegs privaat moes spook met die probleem, is die swaartepunt na die openbare terrein verlê: ons openbare skole is nou Christelik-nasionale skole. Hoe hierdie beginsels in die onderwysorganisasie, -prak-*

*tyk en -proses van die toekoms, vrugbaar geïmplementeer kan word, is 'n taak wat hierdie fakulteit op hom geneem het. Daar word reeds intensief beplan hoe die navorsing op die terrein deurgevoer moet word, en pogings word aangewend om die nodige fondse van die staat en van ons ondersteuners te verkry. Ons vertrou ook dat ons begunstigers, wie se hande nou van beursvoorsiening losgemaak gaan word, hulle hulp in hierdie aangeduide en ander beplande kanale wil lei.*

*Die universiteit is vandag nie meer die ivoortoring waarin slegs die paar uitverkorenes hulle weg self moet vind en uitworstel nie. Die hele karakter en aansien van die moderne universiteit lê ook baie klem op die vormingsfaktor, op die onderrigsfunksie daarvan. Nou weet ons enorm veel van die laerskoolkind en sy onderwys, byna net soveel van die adolessent op die middelbare skool, maar bedroef min van die laat-adolessent as student aan die universiteit. Ons beoordeel hom nog so dikwels na analogie van òf die skoolkind òf die volwassene, in beide gevalle tot sy nadeel. Daar word dikwels nog geglo dat die student moet vorder, ondanks die metodes en tegnieke van selfs die onkundige dosent of opvoedkundige onbekwame dosent. Ons glo dat hierdie kleiner persentasie by die nodige leiding en voorligting baie baat sal vind. Ons glo egter ook dat die kundiger en bekwamer dosente, daardie groter persentasie, juis diegene gaan wees wat onskatbare waarde uit sodanige leiding sal put. Hierdie fakulteit glo vir geen oomblik dat hy die leiding sonder meer sal kan verskaf nie; inteendeel, hy glo juis dat hy nog nie kan nie. Dis 'n taak vir meer as hierdie fakulteit: dis die taak van die hele universiteit. Omdat ons oortuig is dat dit ook 'n taak en roeping op ons weg is, het ons reeds 'n leerstoel geskep, met prof. S. J. Preller as hoof, om as navorsings-, voorligtings- en doseerkern van die tersiêre opvoedkunde te dien. Ons glo verder dat ons hier nie maar „studente" het nie, maar juis omdat ons gelowige studente het, hulle besondere en moontlik hoër eise stel. Al bestudeer ander universiteite „die student" en „die dosent", ons wil meer weet van die gelowige student en die belydende dosent in die atmosfeer „in U lig".*

*Elders in hierdie uitgawe toon prof. T. A. van Dyk, die direkteur van ons Instituut vir Opvoedkundige en Sielkundige Dienste en Navorsing, hoe ons hier probeer om die gelowige ouer en die gelowige student op 'n ander terrein te bestudeer en te ondervang. Uit ons oriënteringsprogram vir eerstejaars*

*aan die begin van hulle loopbaan behoort dit duidelik te wees watter hoë plek aan die ouers en aan die kerk toegeken word. Ons glo eenvoudig nie dat ons die universiteit van die res van die opvoedingsmedia kan isoleer nie.*

*Of ons opvoedingsfilosofie vandag nog die heersende in ons vaderland is? Die vraag is moeilik kategories te beantwoord, ewe moeilik as om te konstateer of die Afrikanernasie nog waarlik Christelik is. Ons wil dit graag so hê. As dit so is, kan ons natuurlik gerieflik terugsit en arms vou en kyk hoe hulle besig is om daarvolgens te lewe en te handel. Ek vrees ons het dalk te lank aan hierdie selfvoldaanheid gely, om slegs skouerophalend en met 'n neerbuigende glimlag die kritiek en die teenstrydige as onwaardig te bestempel en as gevaarlose en hopelose jeugstreke te negeer. Miskien moet ons maar ruiterlik erken dat daar reeds met 'n mate van regverdiging van die „ander kant" as die „heersende" filosofie gepraat kan word. Hoe dankbaar ons ook al mag wees oor die invloed wat ons gehad het en nog het, tog het ons alle rede om nou weer baie doelbewus en lewenskragtig openlik stelling in te neem ter bevordering van ons siening van wat opvoeding en onderwys moet wees. En dit wil ons doen, nie om kleinlik besitlik te wees of ambisieus leierskap te soek nie, maar omdat ons glo dat ons tot getuienis geroep is. Dis nie so moeilik om teen lynreg teenstrydige rigtings te velde te trek nie, want die antitese is so in die oog lopend, selfs al het mens maar so naasteby die suiwere siening. As ons egter te doen het met Christen-eksistensialiste en Christen-fenomenoloë, soos ook met Christen-realiste of -idealiste, dan word dit veel moeiliker om die antitese te stel, ook omdat mens so graag die goeie guns en samewerking van almal wat die God van die Skrifte bely, wil wen en behou, ook omdat die goeie wat uit hulle siening vloei, vir ons waardevol kan wees. Ons wil dus getuig, maar ons soek nie vyande nie; ons getuienis moet vir ons vriende maak, soos dit ook vir ons studente gebring het.*

*Daar was tye toe „hulle" hierdie universiteit wou sluit. Daar mag weer tye kom dat „hulle" die stem van hierdie fakulteit wil stil maak, sy invloed wil aftakel en hom geen plek in die Suid-Afrikaanse patroon wil gun nie of sy bydrae wil erken en aanvaar nie, maar ons het iets om te sê en ons gaan dit sê, want wat ons te sê het, is gegrond op God se onfeilbare Woord.*

Dekaan Fakulteit Opvoedkunde, B. C. Schutte.
P.U. vir C.H.O.